
# Net jý sê wie erf, maar doen dit só



Nico van Gijsen

**Raad met jou Rande**

'n Leser uit Oos-Londen vra of hy sy kinders gelyk móét laat erf.

Hy het 4 kinders en wil graag vir 2 van hulle elk 45% van sy boedel laat erf en die ander twee 5% elk. Kan die twee wat minder kry, kla? Is daar 'n wet wat hom verplig om hulle gelyk te laat erf?

Ek vermoed die antwoord op die eerste vraag is, ja, hulle gaan kla. Ek bepaal my by die tweede vraag.

Dit is jou goeie reg om jou bates te bemaak aan wie jy wil. Ons reg plaas 'n hoë waarde op 'n mens se testeervryheid. Jy kan alles vir een gee en aan die ander drie niks. En hulle kan niks daaraan doen nie.

Dit gesê, wil ek tog 'n bietjie wyer na die vraag kyk, want dit is nie wat jy wíl doen wat altyd die deurslag gee nie. Dit is wat in die testament staan, of soms nie daarin staan nie, wat deurslaggewend is.

Daar is 'n veronderstelling in die reg dat elke mens sy kinders gelyk wil laat erf. Enige onsekerheid in jou testament sal dus die gevolg hê dat iemand anders gaan besluit oor hoe jou goed verdeel word. Onthou, jy is dan weg en kan nie verduidelik wat jy bedoel het nie.

Dié veronderstelling behels onder meer dat geskenke wat jy in lewe aan jou kinders gegee het, by die verdeling van die boedelbates ingebring sal word. Die waarde daarvan sal dan saam met die waarde van die boedelbates bereken word ten einde die kinders gelyk te laat erf. As die bedoeling nie is om geskenke in te bring nie, moet jou testament so sê.

'n Ander hoofpunt is dat met so 'n verdeling soos wat die leser beoog, dit gewoonlik uit die bates sal kom wat in die restant val. Die restant is dit wat oorbly nadat alle verpligtinge nagekom is en spesifieke bemakings oorgedra is.

Waarvoor jy versigtig moet wees, is om byvoorbeeld 'n woon- of strandhuis aan kind een te bemaak omdat dit 'n bepaalde waarde het en dan die restant - omdat jy meen dit het 'n gelyke waarde - aan kind twee te bemaak. Kind een se bate - omdat dit 'n spesifieke bemaking is - gaan eers oorgedra word en uit dít wat oorbly nadat skuld en belastings en sterfbedkoste verhaal is, sal kind twee sy of haar erfenis kry. Daar kan maklik niks oorbly vir kind twee nie.

En dan, ek sien niks in die leser se brief van 'n bemaking aan 'n langslewende gade nie. Hoewel die kinders nie 'n reg het om te erf nie, geld dieselfde reël nie vir oorlewende gades nie. 'n Langslewende gade het die reg ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades om 'n eis teen die boedel in te stel vir onderhoud. Só 'n eis kry voorkeur bo enige bemaking en het dieselfde status as 'n eis van 'n minderjarige kind.

Dit is uiters belangrik om jou testament korrek op te stel. Gebruik net spesialiste, iemand met die kundigheid om die fynere regs- en finansiële gevolge vir jou naasbestaandes te verstaan en aan jou uit te wys.

▸ *Nico van Gijsen, CFP®, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*